# SONDAGSKOOL LES: Die Bybel is – Die geïnspireerde Woord van God

**Doel van les:**

- Tweede les in ons reeks oor die Bybel. Hierdie reeks is aangepas uit Kids Sunday School Place.

**Ysbreker: Telefoontjie:** Laat die kinders in 'n ry sit/staan en die baie bekende telefoontjie speletjie speel. Fluister vir die agterste kind die sin en nou moet daardie kind dit fluister in die oor van die een voor hom/haar. So gaan dit aan totdat die voorste kind bereik word. Kyk wie se weergawe klink die meeste na die oorspronklike sin.

Die doel van die ysbreker is om vir die kinders te wys hoe moeilik dit sou wees vir die mense wat die verskillende boeke van die Bybel geskryf het om dit net uit geheue te doen. Veral met hoe akkuraat dit geskryf is. Dit sou onmoontlik gewees het sonder die hulp van die Heilige Gees.

**Gebruik hierdie sinne in die telefoon speletjie:**

- Glo jy dat die Bybel geskryf is deur meer as 35 mense geïnspireer deur die Heilige Gees?
- As daar 33 meer boeke in die Bybel was, sou daar 99 boeke altesaam gewees het.
- Die Bybel is meer as net woorde in 'n boek, die Bybel is die Woord van God.

Die Bybel word ook die Woord van God genoem. Mense is as instrumente deur God gebruik om Sy woorde neer te skryf nie net vir die mense wat daardie tyd geleef het nie, maar ook sodat ons dit duisende jare later kan lees.

**Vrae in kleingroepe:**

1. Glo jy wat in die Bybel staan? Hoekom/hoekom nie?
2. Het iemand al ooit vir jou vertel hulle glo nie wat in die Bybel staan nie?

**Kry terugvoering.**

Ongelukkig dink baie mense die Bybel is net nog 'n lang, boring boek. Natuurlik is die Bybel nie net nog 'n boek nie. Dit is gegee aan die mens deur God. Maar wat kan ons sê vir mense wat nie glo dat die Bybel die Woord van God is nie? Ons gaan nou na 'n klompie teksverse kyk wat ons sal help om die belangrikheid en waarheid van die Bybel beter te verstaan.

**Groepwerk: Lees die volgende teksverse en beantwoord die vrae:**

**2 Timótheüs 3:16-17**

1. Waar kom die Bybel vandaan volgens die verse? (Van God)
2. Waarvoor is die Bybel nuttig? (Leer ons die waarheid, keer dat mense afdwaal van God se pad, verkeerdhede reg te stel, regte lewenswyse te kweek, om God se kinders voor te berei en toe te rus vir elke goeie werk.)

**Psalm 12:7**

1. Het die Bybel enige foute? (Nee, dit is foutloos)

**Psalm 119:160**

1. Hoe kan jy iemand antwoord wat sê die Bybel is nie waar nie? (Al God se woorde is waar so die Bybel is ook waar omdat dit die Woord van God is.)

Ons kan met sekerheid weet dat die Bybel die Woord van God is. Die profeet Jesaja het gesê dat die aarde rond is (Jesaja 40:22) lank voordat die mens daardie feit kon bewys. Die mense het geglo die aarde is plat! Daar is hope argelogiese ontdekkings wat ook gemaak is en besig is om gemaak te word wat bewys dat geskiedkundige feite in die Bybel akkuraat is. Maar die Bybel is meer as net feite en geskiedenis. Die Bybel vertel ons van God en die wonderlike plan wat Hy het om ons te red uit die hel deur Sy seun, Jesus Christus.

**Sluit af met gebed in groepe.**

**Gebruik hierdie sinne in die telefoon speletjie:**

- Glo jy dat die Bybel geskryf is deur meer as 35 mense geïnspireer deur die Heilige Gees?
- As daar 33 meer boeke in die Bybel was, sou daar 99 boeke altesaam gewees het.
- Die Bybel is meer as net woorde in 'n boek, die Bybel is die Woord van God.

**Gebruik hierdie sinne in die telefoon speletjie:**

- Glo jy dat die Bybel geskryf is deur meer as 35 mense geïnspireer deur die Heilige Gees?
- As daar 33 meer boeke in die Bybel was, sou daar 99 boeke altesaam gewees het.
- Die Bybel is meer as net woorde in 'n boek, die Bybel is die Woord van God.

**Gebruik hierdie sinne in die telefoon speletjie:**

- Glo jy dat die Bybel geskryf is deur meer as 35 mense geïnspireer deur die Heilige Gees?
- As daar 33 meer boeke in die Bybel was, sou daar 99 boeke altesaam gewees het.
- Die Bybel is meer as net woorde in 'n boek, die Bybel is die Woord van God.

**Gebruik hierdie sinne in die telefoon speletjie:**

- Glo jy dat die Bybel geskryf is deur meer as 35 mense geïnspireer deur die Heilige Gees?
- As daar 33 meer boeke in die Bybel was, sou daar 99 boeke altesaam gewees het.
- Die Bybel is meer as net woorde in 'n boek, die Bybel is die Woord van God.

**Gebruik hierdie sinne in die telefoon speletjie:**

- Glo jy dat die Bybel geskryf is deur meer as 35 mense geïnspireer deur die Heilige Gees?
- As daar 33 meer boeke in die Bybel was, sou daar 99 boeke altesaam gewees het.
- Die Bybel is meer as net woorde in 'n boek, die Bybel is die Woord van God.